DIE KLIEK

DEUR: JANA SNYMAN

KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER.

“Marna, kry jou kop uit die wolke uit!”

Marna skrik uit haar dagdroom en sien hoe juffrou Visagie se kwaai oë haar deurboor. Marna sug en blaai haar leesboek se blad om. Sy durf nie om haar kyk nie, want sy weet dat Magdelie en haar trawante haar dophou en seker skelm vir haar lag.

Marna dink terug aan die afgelope paar weke en sy voel weer die hartseer knop in haar keel. Vandat hulle twee weke terug na Kleinfontein getrek het, is Marna sielsongelukkig. Sy mis haar maatjies, haar huis en net alles wat sy gehad het in Riebeeckrand. Alles in Kleinfontein is anders. Boonop voel sy heeltemal uit plek uit en dat sy nie inpas nie.

“Juffrou, Marna slaap al weer,” snip Magdelie hier agter haar.

Marna trek haar oë so groot soos pierings, en kyk juffrou Visagie hulpeloos aan.

“Is nie juffrou, ek lees dan nog heeltyd saam,” antwoord Marna. Sy weet dat Magdelie haar in die moeilikheid probeer kry en kyk angstig voor haar.

“Dis nou genoeg julle twee! As julle so aangaan bel ek julle ma’s!”

Al twee se gesigte raak bloedrooi en hulle kyk net af na hulle leesboeke.

Toe die klok vir pouse lui, vat Marna haar kosblik en loop tot agter die paviljoen, soos wat sy nog elke dag die afgelope twee weke doen. Hier kan sy in vrede sit en haar toebroodjie eet sonder dat ander kinders haar sien. Vandat sy by Laerskool Kleinfontein begin het, voel sy of sy soos ‘n puisie op ‘n voorkop uitstaan. Sy pas nie in by die ander maatjies nie en niemand doen moeite om met haar te praat nie. Sy is ook nie laas week na Marietjie se *slippery slide*-partytjie toe genooi nie en het alleen saam met haar hond, Ounooi, modderkoekies gebak. Marna sug en maak haar *Tinkie* oop. Sy kyk deur die gleuwe van die paviljoen hoe die ander kinders lekker speel. Aan die een kant speel hulle springtou en aan die ander kant speel die seuns met hulle albasters. Sy wens sy kon ook saam met hulle speel.

“Hou op *spy* op ander mense…”

Marna skrik so groot dat sy haar kop teen die paviljoen se trappie stamp en sy weet sommer daar gaan môre ‘n knop so groot soos Tafelberg op haar kop sit. Skaam-skaam kyk sy op na die rooikopmeisie met sproete wat soos ’n klomp *fruit loops* op haar gesig sit.

“Wi-wie is jy? vra Marna huiwerig terwyl sy oor die seerplek op haar kop vryf. Sy wil nie hê dat iemand haar moet spot nie, sy sukkel al klaar om maatjies te maak.

“O, ek is Tania, maar almal noem my Wortelkop,” sê sy asof niks haar pla nie. Tania gaan sit langs Marna en kou verder aan haar broodjie.

“Ek het gesien jy kruip hier weg toe dog ek ek kom sit maar hier by jou.”

Marna kyk met groot oë na Tania.

“Ek... ek kruip nie weg nie,” sê Marna vinnig en draai haar kop weg voor Tania die trane in haar oë kan sien.

“Ag, kom nou! Ek weet dis wat jy doen. En jy kruip weg vir Magdelie en haar *barbie*-poppe. Hulle is glad nie so gewild soos wat jy dink nie. Hulle dink hulle is beter as almal anders en wil met niemand anders speel nie.”

“Niemand wil met my speel nie,” laat Marna hartseer hoor.

“Ag is nie, hoekom dink jy sit ek hier? Ek wil met jou maatjies maak!” antwoord Tania vasberade.

Marna weet nie hoekom nie, maar sy kan nie ophou staar na Magdelie en haar barbie-poppe nie.

“Uhm, ek weet nie so mooi nie…” antwoord Marna.

“Hoekom sal jy nie my maatjie wil wees nie?” vra Tania verbaas.

“Ek weet nie, sommer nie. Ek wil weet hoe ek kan deel wees van hulle” en Marna wys met haar vinger deur die gleuwe van die paviljoen na waar Magdelie sit.

“Wat?” vra Tania verbaas. ”Hoekom sal jy wil deel wees van die kliek? En veral omdat hulle nog mislik ook is met jou? Dis mos nie wat maatjies doen nie.”

“Want hulle is mooi, en almal hou van hulle…”

“Wel, hulle harte is nie mooi nie,” antwoord Tania en eet die laaste korsie van haar broodjie en maak haar kosblik toe. Tania staan op en kyk na Marna.

“Ek sal hier rond wees, sien jou dalk na skool.” En met daardie woorde loop Tania terug na die skoolgebou toe.

Toe die skoolklok lui en Marna terugstap klas toe, besluit sy vasbeslote dat sy met Magdelie en haar kliek soos Tania dit genoem het gaan vriende maak. Sy wil ook weet hoe dit voel as almal van jou hou en jy baie maatjies het. Dit lyk so lekker om na al die partytjies genooi te word.

Marna gaan staan agter Magdelie in die ry. Sy vroetel met haar hare om seker te maak dit voel in plek voor sy praat.

“Hi-ii Magdelie,” stotter Marna.

Magdelie kyk verbaas rond en dan rus haar oë op Marna.

“Uhm…hoekom praat jy met my?” vra Magdelie vies. “Jy is mos die nuwe kind? Ek het gehoor julle moes trek omdat jou pa sy werk verloor het. Is julle arm... Marna?” vra Magdelie snipperig.

Marna bloos bloedrooi en wens die aarde kan ‘n groot gat maak dat sy net daarin kan val.

“Uhm, wel…nee…ek weet nie,” stotter Marna en sy weet nie wat om te sê nie. Die hele klas kyk nuuskierig na haar.

“Ag, moenie vir my sê jy het gedink EK gaan met JOU vriende wees nie,” lag Magdelie hard. Al die ander kinders begin ook vir Marna lag, al weet die helfte van hulle nie waaroor hulle lag nie. Maar, as Magdelie iets doen, doen almal dit saam met haar. Niemand staan ooit op teen haar nie.

“Los jy en jou plastiekpoppe haar uit, hoor jy my Magdelie,” laat hoor Tania van haar. Tania staan op die punte van haar tone en haar sproete beweeg sommer in die skynsel van die son, so kwaad is sy.

Magdelie kyk na Tania en begin lag.

“Ou Wortelkop, met wie dink jy praat jy, huh?” vra Magdelie terwyl sy nader aan Tania stap.

“Moenie dink dat jy iets is nie, jy en jou wortelhare en al daai vlekke op jou gesig? Dink jy jy is oulik, huh?” Magdelie kyk na haar kliek en begin lag.

Magdelie neem ’n tree nader aan Tania, en sien nie dat die tasse wat teen die muur staan nie almal gelyk is nie. Haar voet haak vas in die band van een van die tasse en die volgende oomblik val Magdelie soos ‘n sak patats op die vloer en kom voor Marna en Tania se voete te lande.

Haar gesig in die grond, rok gekreukel en bene nerfaf. Magdelie kyk verbaas op na almal wat na haar staar en lag. Sy kyk kwaad na Tania en Marna, en spoeg die woorde uit: “Dis julle skuld, julle het my laat val! Ek gaan vir mnr. Brand sê en dan gaan hy julle…julle sommer skors!”

Magdelie loop hinkepink na waar die skool se kantore is.

Marna kyk hoe Magdelie wegloop en hoor hoe almal praat oor die arme Magdelie se val. Almal het skoon vergeet van Marna se verleentheid. Marna voel sommer dadelik skuldig. Sy kan nie glo sy was so lelik met Tania nie en sy wou haar maar net help.

Marna kyk na Tania, en voor die juffrou die klas oopsluit vir die periode om te begin, trek Marna aan Tania se hand en sleep haar agter die gebou in weg van die ander kinders af.

“Marna, wat…wat doen jy? Los my arm jou simpel mens,” en ruk haar arm onder Marna se greep uit.

Net voor Tania kan terugstap, keer Marna haar. “Asseblief, Tania, wag eers.”

Tania gaan staan stil en kyk na Marna.

“Ja, ek wag?”

“Wil jy saam met my in ‘n kliek wees? Nie ‘n simpel barbie-kliek nie. Net ons. Ons eie kliek.”

“Ek dog jy wil deel wees van hulle,” sê Tania en fladder haar wimpers en gooi haar poniestert oordadig oor haar skouer. Albei bars uit van die lag.

“Nee wat, ek hou van ons kliek. Wil jy tweedepouse ‘n *Tinkie* agter die paviljoen gaan eet?” vra Marna.

“Pfffttt, *Tinkie* ja, maar ons sit sommer by die fontein in die binnehof. Magdelie gaan nie gou weer moeilikheid soek nie!” lag Tania.

Marna en Tania loop laggend terug klas toe, reg vir juffrou Visagie wat beslis met hulle gaan raas. Maar wie gee dan om? Hulle het hulle eie kliek gevind.

Maats, dis belangrik om te onthou dat dit nie altyd die mooi, slim of populêre kinders is wat jou maatjies hoef te wees nie. Jy hoef ook nie baie maatjies te hê nie, of altyd die beste te wees nie. Wees wie en wat jy is en moenie voorgee nie en die regte maatjies sal jou vind. Maatjies wat by jou pas en van jou hou net soos jy is. Dit is ware vriendskap.